



## DIE GEHEIM VAN GROEI DEUR SAMESYN

In die vroeë 1960's het Broeder Andrew, 'n man van Holland, 'n vrag Bybels in sy VW oor die Roemeense grens, verby kommuniste wagte, gesmokkel. Hy het 'n kamer bespreek in 'n hotel en begin bid dat God hom na die regte Christelike groepe sou lei – daardie groepe wat die eksemplare van die Skrifte die beste kon gebruik.

Daardie naweek het Andrew na die ontvangspersoneel by die hotel gestap en gevra waar hy 'n kerk kon vind.

Die man het 'n bietjie snaaks na hom gekyk en geantwoord: "Ons het nie baie daarvan nie, weet jy. In elk geval, jy sal nie die taal verstaan nie."

"Het jy nie geweet nie?" het Andrew geantwoord. "Christene praat 'n soort van universele taal."

"O, wat is dit?"

"Dit word Agape genoem."

Die man het nog nooit daarvan gehoor nie, maar Andrew het hom verseker: "Dit is die pragtigste taal in die wêrld."

Andrew kon toe verskeie kerkgroepe in die omgewing opspoor en het 'n ontmoeting met die president en sekretaris van 'n sekere kerkgroep gereël. Ten spyte van die feit dat Andrew en hierdie mans verskeie Europese tale geken het, het hulle gevind dat hulle geen taal in gemeen gehad het nie. Hulle het dus daar gesit en na mekaar gestaar. Andrew het baie gevaarlike kilometers afgelê met sy kosbare vrag, maar daar het geen manier geblyk te wees om uit te vind of hierdie mans ware Christen broeders was of informante vir die regering nie.

Uiteindelik het hy 'n Roemeense Bybel opgemerk wat op 'n lessenaar in die kantoor lê. Andrew het 'n Hollandse Bybel uit sy sak gehaal. Hy het na 1 Korintiërs 16:20 geblaai en die Bybel uitgehou, en gewys na die naam van die boek, wat hulle kon herken. Onmiddellik het hulle gesigte verhelder. Hulle het gou dieselfde hoofstuk en vers in hulle Roemeense Bybels gevind en gelees: "Al die broeders groet julle. Groet mekaar met 'n heilige kus."

Die mans het van oor tot oor gelag vir Andrew. Toe het een van hulle deur sy Bybel gekyk en Spreuke 25:25 gevind. Andrew het die teks gevind en gelees: "Koue water op 'n vermoede siel, so is 'n goeie tyding uit 'n ver land."

Hierdie mans het vir 'n half-uur lank gedeel en gekommunikeer – net deur die woorde van die Skrifte. Hulle was so gelukkig in hierdie samesyn wat alle kulturele grense oorbrug het dat hulle gelag het totdat die trane in hulle oë gekom het.

Andrew het geweet dat hy sy broeders gevind het. Toe hy vir hulle sy vrag Bybels gewys het, was die Roemeniërs oorweldig en het hom oor en oor omhels.

Daardie aand by die hotel het die man by die ontvangs teenoor Andrew opgemerk: "Ek sê, ek het die woord "agape" in die voordeboek nageslaan. Daar is nie 'n taal met daardie naam nie. Dit is net die Griekse woord vir liefde."

Andrew het geantwoord: “Dis reg. Ek het dit die hele middag gepraat.”

Het jy al daardie lieflike taal ontdek? In hierdie Gids sal jy leer hoe God ons almal in Sy groot kring van liefde bring.

## 1. DIE KERK GESKEP VIR SAMESYN

Jesus het die kerk ingestel om die basiese menslike behoeftes aan groei en ondersteuning te bevredig. Ons het almal behoeftes. En dit is waaroor die kerk gaan. Dit is ‘n plek waarheen ons gaan vir samesyn en om mekaar te help. Die Skrifte toon ‘n dinamiese apostoliese kerk wat manne en vroue saamgeroep het na ‘n vreugdevolle gemeenskap wat gestrek het tot by die Almagtige.

*“Wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook GEMEENSKAP MET ONS kan hê; en ONS GEMEENSKAP IS MET DIE VADER EN SY SEUN, Jesus Christus. En ons skrywe hierdie dinge aan julle, sodat JULLÉ BLYDSKAP VOLKOME kan wees.” – 1 Johannes 1:3, 4. (Tensy anders vermeld, word alle Skrifgedeeltes in die ONTDEK Gidse geneem uit die Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans.)*

‘n Gemeenskap van harte wat saamgebond is deur kontak met Jesus en met mekaar, ondervind “vreugde” tot die volste maat! Hulle praat dieselfde taal, die taal van liefde.

Christene word deel van ‘n uitgebreide familie. Hulle word broeders en sisters in Christus, aangesien almal ‘n gemeenskaplike gees het. Hoe wyer die eenvormigheid in die geloof is, hoe sterker is die bande tussen Christene.

Die lidmate van die kerke wat deur Jesus se apostels gestig is, was saamgebond deur hulle ooreenstemmende oortuigings, hulle liefde vir God en hulle begeerte om Hom te dien en Sy genade met die wêreld te deel. Hierdie hegte band van gemeenskap was een van die redes waarom hierdie magtelose en vervolgde minderheidsgroep die wêreld omgekeer het.

## 2. DIE KERK WAT CHRISTUS GESTIG HET

Het Christus ‘n kerk, of is die hele idee van ‘n godsdienstige organisasie net ‘n menslike uitvinding? Jesus antwoord:

*“Op hierdie ROTΣ sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.” – Mattheus 16:18.*

Jesus is die ankerende Rots, die Hoeksteen, van Sy kerk.  
Watter groep het ‘n deel uitgemaak van die fondament?

*“Gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is.” – Efesiërs 2:20.*

Wat het die Here bereik toe die evangelie gepreek is?

*“En die Here het daagliks by die GEMEENTE gevoeg die wat gered is.” – Handelinge 2:47.*

Toe Jesus die kerk gestig het, het Hy beloewe dat “die poorte van die doderyk dit nie sal oorweldig nie” (Mattheus 16:18), en die Christelike kerk duur nog steeds voort. Dit het uiters magtige vyande gehad – van die Romeinse keisers tot kommuniste diktators – maar die bloed van die martelare het slegs veroorsaak dat dit sterker groei. Wanneer een Christen op die brandstapel verbrand is of vir die leeu gegooi is, het verskeie ander opgestaan om sy of haar plek in te neem.

Skeptici het hulle bes gedoen om die Christelike Kerk te probeer wegredeneer. Maar die Christelike waarheid ding nog duideliker as ooit tevore mee in ‘n wetenskaplike, sekulêre eeu.

Een van die kerk se grootste uitdagings het gekom pas nadat dit aanvaar is as die amptelike godsdiens van die Romeinse Ryk. Die kerk het voorspoedig geword – en uiteindelik is dit oorgeneem deur korruksie. Dit het gelyk of dit geestelik dood was in die Donker Eeu. Maar die Here het altyd ‘n kerngroep van dapper en getroue gelowiges bewaar wat te midde van mistroostige en moeilike tye, so helder geskyn het soos sterre op ‘n maanlose nag.

Paulus vergelyk Christus se verhouding met Sy kerk met ‘n eggenoot se tedere, beskermende verhouding teenoor Sy vrou (Efesiërs 5:23-25). Die kerk is ‘n familie, met elke lidmaat wat ‘n verhouding met ‘n ander lid van die familie bevestig en bydra tot hulle welstand (Efesiërs 2:19).

Paulus stel ook die kerk voor as ‘n lewende liggaam, met Christus Self as sy hoof (Kolossense 1:18).

Wanneer ons gedoop word, getuig ons van ons geloof in Jesus en word lidmate van die “liggaam,” die kerk.

**“Want ons is almal ook deur een Gees GEDOOP tot EEN LIGGAAM.” – 1 Korinthiërs 12:13.**

Die boek Openbaring stel ook die verrese Christus voor waar Hy loop tussen die kerke, en Sy sorg oor hulle betoon (Openbaring 1:20, 12, 13). Christus het nooit Sy mense verslaaf nie, en Hy sal ook nooit nie.

### **3. ‘N KERK MET ‘N DOEL**

Kerkbywoning is noodsaaklik vir ‘n Christen. Ons het die ondersteuning van ander nodig om ons geloof lewend en aan die groei te hou.

Die kerk speel ook drie ander belangrike rolle:

- (1) Die kerk bewaak die waarheid.

As die “pilaar en grondslag van die waarheid” (1 Timotheus 3:15), moet die kerk God se waarheid voor die wêreld omhoog hou en verdedig. Ons het die kollektiewe wysheid van ander gelowiges nodig om ons te help om te fokus op die noodsaaklike waarhede van die Skrifte.

- (2) Die kerk is ‘n voorbeeld van wat God se genade vir sondaars kan doen. Die verandering wat Christus gemaak het in die lewens van gelowiges gee lof aan die God wat ons geroep het “tot sy wonderbare lig.” (1 Petrus 2:9).
- (3) God se volk is Sy getuies aan ‘n behoeftige wêreld. Net voordat Hy teruggegaan het hemel toe, het Jesus aan Sy dissipels belowe:

**“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem, sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde.” – Handelinge 1:8.**

Dit is ‘n groot voorreg vir die kerk om die boodskap van God se oorweldigende liefde wêreldwyd te neem.

#### **4. GEORGANISEER VIR KRAG**

Die kerk wat Christus gestig het, het ‘n definitiewe organisasie gehad. ‘n Mens kon by sy lidmaatskap ingesluit, of daarby uitgesluit word (Mattheus 18:15-18). God se kerk het leiers aangestel en het ‘n wêreld hoofkwartier sowel as plaaslike plekke vir ontmoeting gehad (Handelinge 8:14; 14:23; 15:2; 1 Timotheus 3:1-13). Nadat hulle gedoop is, het gelowiges by ‘n georganiseerde groep aangesluit. (Handelinge 2:41 en 47).

Die kerk bestaan vir wedersydse aanmoediging.

*“En laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor; en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuum soos sommige die gewoonte het nie, maar LAAT ONS MEKAAR VERMAAN en dit des te meer namate julle die dag (van Chrsitus se koms) sien nader kom.” – Hebreërs 10:24, 25.*

Dit is, in ‘n neutedorp, wat die gesonde kerkgroep doen. Sy lidmate bou mekaar op in die geloof, hulle moedig mekaar aan. God het Sy kerk georganiseer om God se volk te versterk en ook om die wêreld te dien. Ons kan baie meer saam doen as wat ons as geïsoleerde individue kan doen. Neem net een voorbeeld: die Sewendedag-Adventiste Kerk. Ons bedryf ‘n uitgebreide mediese werk wêreldwyd – van middestad gesondheidswoonwaens tot klinieke op afgeleë eilande in die Stille Suidsee. Ons opvoedkundige inrigtings het aan duisendtalle jongmense ‘n kennis van ‘n beter lewe in Christus gebring – vanaf Loma Linda Universiteit waar pionierswerk in hartoorplantings gedoen is, tot klein sendingskooltjies, versprei deur die binneland van Afrika. Ons voer hulpdienste uit ten tye van rampe en hongersnood deur middel van ADRA. Plaaslike kerke help om behoeftiges en haweloses te klee en te voed by duisende Gemeenskap Dienssentrums. En groepe Adventistegelowiges deel die boodskap van verlossing in meer as 200 lande. Slegs ‘n georganiseerde groep toegewyde Christene kon hierdie wêreldwye impak uitoefen.

Christus en die apostels het die kerk met ‘n liggaam vergelyk en daarop gewys dat al die dele van die liggaam nodig is (1 Korinthiërs 12:21-28). Alle liggaamsdele is nie noodwendig dieselfde nie, tog is almal belangrik en almal moet in harmonie saamwerk. ‘n Oog wat afgesondervan die liggaam is kan nie sien nie. ‘n Hand wat afgesny is het geen waarde nie. Of ons ‘n oog, of ‘n hand of slegs ‘n vinger is, kan ons nie waarlik doeltreffend wees vir Christus op ons eie nie. Deur aan ‘n kerk te behoort, deur verenig te wees met ander lede van die liggaam, versterk dit ons as Christene.

#### **5. DIE VREUGDE VAN AANBIDDING**

Diep in ons harte is daar ‘n begeerte om God te aanbid, en daardie behoefte kan wegkwyn indien daar nie uitdrukking aan gegee word nie. Hoe het die psalmdigter gevoel toe hy daaraan gedink het om na ‘n plek van aanbidding te gaan?

*“Ek WAS BLY toe hulle vir my gesê het: Laat ons na die huis van die Here gaan!” – Psalm 122:1.*

Watter rol speel musiek in openbare aanbidding?

*“Dien die Here met blydskap; kom voor sy aangesig met gejubel.” – Psalm 100:2.*

Die Bybel sê ook vir ons dat om offergawes te gee ‘n gepaste deel van goddelike aanbidding is.

*“Gee aan die Here die eer van sy Naam, bring offers en kom in sy voorhowe. Aanbid die Here in heilige gewaad.” – Psalm 96:8-9.*

Gebed is ook ‘n noodsaklike aspek van openbare aanbidding.

*“Kom laat ons aanbid en neerbuk; laat ons kniel voor die Here wat ons gemaak het.” – Psalm 95:6.*

Bybelstudie en prediking is sentraal in die aanbidding in die Nuwe Testament. Petrus se preek op Pinksterdag, soos gevind in Handelinge 2, lui die begin in, en van die tyd van die Protestantse Hervormers tot vandag, is elke groot godsdienstige herlewing gebaseer op bybelse prediking. Waarom? Want “die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard” (Hebreërs 4:12-13).

## 6. WAT IS REG MET DIE KERK?

Sommige mense maak beswaar dat die kerk vol onvolmaakte mense is. Wat Henry Ward Beecher gesê het is waar: “Die kerk is nie ‘n galery vir die uitstalling van belangrike Christene nie, maar ‘n skool vir die opvoeding van onvolmaaktes.”

Aangesien nie een van ons volmaak is nie, sal die kerk ook nooit volmaak wees nie. In een van Sy gelykenisse het Jesus ons daarvan herinner dat onkruid ook tussen die koring groei (Mattheus 13:24-30). Wanneer ons die Nuwe Testament briewe van Paulus lees, ontdek ons dat die apostoliese kerk kritieke probleme gehad het. En die kerk vandag het ook ernstige afwykings. Maar onthou asseblief dat geen gemeente met tekortkominge ooit die Groot Hoeksteen van die Kerk – Jesus Christus self kan vernietig of ontstel nie. In die onvolmaakte kerke moet ons dus ons oë primêr gerig hou op die Heiland wat ons dien. Ten spyte van sy foute behoort die kerk aan Hom; fokus dus op Christus.

**“SOOS CHRISTUS OOK DIE GEMEENTE LIEFGEHAD EN HOMSELF DAARVOOR OORGEGEE HET om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees.” – Efesiërs 5:25-27.**

Die kerk is so belangrik vir Jesus dat Hy “Homself oorgegee het” daarvoor toe Hy gesterf het vir ons elkeen individueel, en vir die kerk gesamentlik. Daarom behoort lidmaatskap aan ‘n kerk vir jou belangrik te wees. Is jy ‘n lidmaat van Christus se liggaam?

## 7. OM ‘N KERK TE VIND

Hoeveel ware gelowe het Jesus in die wêreld?

**“Dit is een liggaam en een Gees, ... een Here, EEN GELOOF, een doop”. – Efesiërs 4:4,5.**

Aangesien Christus slegs “een geloof” het, hoe kan ons weet watter een dit is? Jesus gee aan ons ‘n leidraad”

**“As ieman gewillig is om sy wil te doen, sal hy aangaande die leer weet of dit uit God is, en of Ek uit Myself spreek.” – Johannes 7:17. (Kyk ook Johannes 8:31, 32.)**

Wanneer ons ‘n toewyding maak om God se wil te doen, sal Hy ons help om te sien of die leerstellings van God is en of dit slegs mense tradisie is. Die sleutel inhoud vir die vind van ‘n kerk is om te ondersoek of dit respek het vir, en staan vir die Woord van God. Ware gemeenskap word gebou rondom die Skrifte, nie net rondom ‘n charismatiese leier of ‘n wonderlike instansie nie.

Gaan voort om ontdekking te maak in hierdie gidse, wandel in die lig soos God dit aan jou openbaar uit die Bybel en Hy sal Sy wil vir jou duidelik maak. ‘n Groeiende Christen is ‘n persoon wat sy hart en verstand oopmaak om die waarheid te aanvaar soos God dit uit Sy Woord openbaar.